KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE RAAD WAT GEHOU IS OP DONDERDAG 28 JANUARIE 2010 TE WILLISTON RAADSAAL.

N O T U L E

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Burgemeester heet almal welkom en Raadslid SJC Theron open met gebed en wens die vergadering 'n voorspoedige nuwejaar toe.

2. KONSTITUERING

Die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar.

3. PRESENSIE

Raadslid JJ De Wee
Raadslid SJC Theron
Raadslid JJ van der Colff
Raadslid MM Van Wyk
Raadslid JJJ Storm
Raadslid CD Malan
Raadslid JK Malho

Mnr L Nothnagel	: Munisipale Bestuurder
Mnr FJ Lotter	: Hoof: Infrastruktuur
Dr MK Botha	: DBSA
Me C Louw	: Administratiewe Beampte
Mnr SJ van Schalkwyk	:Hoof: Finansies
AFWESIG	: Mnr CV Peterson (Hoof: Korporatiewe Dienste)

4. AANVULLENDE BEGROTING 2009/2010

4.1 AANVULLENDE BEGROTING

Dr MK Botha hou die aanvullende begroting voor en verduidelik ons finansiële stand.
Mnr L Nothnagel, Dr MK Botha, Mnr SJ van Schalkwyk en die Burgemeester het in Januarie 2010 'n verpligte besoek aan Nasionale Tesourie in Pretoria afgelê om fondse te bekom.

BESLUIT DAT:

- 'n skrywe aan Mnr Jan Hattingh gerig sal word waarin ons sal versoek dat ons oudit fooie verlaag word.
- die aanvullende begroting vir Reis en Verblyf slegs met R50 000 aangepas sal word en goedgekeur is

- die aanvullende begroting vir addisionele elektrisiteits aankope met R560 000 aangepas sal word en goedgekeur is.
- die foutiewe “Travelling Allowances” reggestel moet word.
- lyste volgens departemente getrek moet word sodat daar gesien kan word hoe hul spandeer.
- op April 2010 se Algemene Raadsvergadering dat daar skriftelike terugvoer oor die ouditfooie sal wees asook voorstelle oor addisionele fondse en ons hoe ons dit gaan bekom om die ouditfooie te vereffen.

Dr MK Botha sê dat daar 7 Kwotasies ontvang is vir die GAMAP/GRAP omskakeling nadat die advertensie geplaas is en dat Mubesko Africa aangestel is teen R875 000 alles insluitend asook die opstel van ‘n Bateregister van alle infrastruktuur.

4.2 RAADSLID TOELAE AANPASSING

Dit is genotuleer dat goedkeuring verleen word vir die aanpassing van die bestaande Raadslid toelae (80% van bo perke) terugwerkend vanaf 1 Julie 2009 soos gepromulgeer in Staatskoerant nr 32833 gedateer 21 Desember 2009.

4.3 ELEKTRISITEITSTARIEWE

Die Raad **BESLUIT DAT:**

- die tarief verhoog word met 10% na 85c per eenheid vanaf 1 Februarie 2010.

5. VERSLAG VAN OUDITEUR GENERAAL 2008/09

5.1 OUDITEUR GENERAAL VERSLAG

Dr MK Botha behandel die OG verslag en dui daarop dat daar spesifiek gevra is dat die ouditeursfirma Afrikaanse persone asook bekwame persone sal stuur. Geen van hierdie versoeke is voldoen aan nie. Die oudit is teen einde Oktober 2009 voltooi en die voorlopige ouditverslag is met hul bespreek en vir aanpassings gevra en ooreengekom wat weereens nie gedoen is nie.

Dr MK Botha wys uit dat hul nie ‘n gekwalifiseerde verslag ontvang nie, weens die feit dat ons nog nie omgeskakel het na GAMAP/GRAP nie asook omdat daar nie ‘n interne oudit was nie. Hy noem dat beide sake word tans aangespreek.

Dr MK Botha noem dat die mees bekostigbaarste opsie sal wees om kollektief saam met Hantam en/of Kareeberg ‘n interne oudit funksie asook komitee aan te stel (voor April 2010). Dit is dan KHM sedoel om aan die einde van 09/10 boekjaar nie ‘n “disclaimer” te ontvang nie.

Die Raad

BESLUIT DAT:

- ‘n gesamentlike Interne Oudit funksie met Hantam Munisipaliteit gestig sal word voor April 2010 se Algemene Raadsvergadering.
- hul kennis neem van die OG verslag.
- die aanbevelings aanvaar word met inagneming van ‘n paar veranderings.
- daar op al die OG se punte deeglik geantwoord moet word.

Mnr L Nothnagel vind dit verblydend dat daar geen aanduiding van wanadministrasie of wanaanwending van fondse is nie. Die Voorsitter bedank die Raad en die Amptenare vir hul bydrae en samewerking.

5.2 MUNISIPALE BESTUURDER SE KOMMENTAAR OP OG-VERSLAG

6. JAARVERSLAG 2008/09

Mnr L Nothnagel noem dat die Jaarverslag voor einde Januarie 2010 aan die Raad voorgehou moet word en dan na die MEC gestuur moet word. Die Jaarverslag is aan die Raad uitgedeel en voorgehou sodat die Raad dit op hul tyd kan bestudeer. Daar moet geadverteer word aan die publiek dat dit ter insae by die Munisipale Bestuuder se kantoor beskikbaar is. Daar is voorgestel dat wykskomitees en wyksraadslede dit met hul wyke bespreek. Die bespreking van die Jaarverslag sal ‘n Agendapunt op 15 April 2010 by die Algemene Raadsvergadering wees.

BESLUIT DAT:

- die Raad kennis neem van die Jaarverslag en dat dit aanvaar sal word met kommentare op die volgende Algemene Raadsvergadering.

7. VOORLEGGING VAN URB (12H40)

URB(BVI ICT) is ‘n firma van Upington wat spesialiseer in wirelesss netwerke en doen ‘n voorlegging oor die verbinding van die drie dorpe binne KHM op ‘n network vir kommunikasie en finansiële stelsel doeleindes. Dit sal tyd en funksionaliteit bespaar, asook kommunikasie en diens verbeter.

8. AFSLUITING & VINGERETE

Die vergadering verdaag om 13H30.